



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 256

6 April 2009

TOULEIER

Aardbewings gaan gou verby, seesiek nie . . .



Dis Vrydag hier en terwyl ek so sit en skryf, kyk ek by die venster uit oor Doha. Dit reën. Nog 'n eerste, want dit reën nooit in April in Katar nie.

'n Klomp van ons wat die universiteitstad, Education City aan't bou is, het 'n Arabiese Junk gehuur en sou vandag die Persiese Golf ingevaar het. Almal is dikbek omdat die weer nie wou saamspeel nie. Almal behalwe Jors Troelie. Heimlik is ek verheug om op vaste aarde te kon bly.

Kyk, in die eerste plek klink die ding al klaar of hy uitmekaar kan val. Ek meen Junk! Wie de drommel ry nou op rommel? Junks word ook soms Dhows genoem. Duh! Wie wil nou op 'n dêm Dhow ry?

Maar die eintlike rede vir my innerlike vreugde is die feit dat ek die geit kon ontwyk. Die siek geit.

Seesiekte? Ek wens net my vyande dit toe. 'n Mens vergeet seesiekte nooit nie. Jy onthou dit beter as 'n aardbewing. 'n Aardbewing gaan in elk geval gou verby, seesiekte nie.

Moet my nou nie verkeerd verstaan nie, ek is baie lief vir die see. Ek moet egter in hom of langs hom wees, nie bo-op hom nie.

Dié keer het Kamermaatjie my oortuig dis nou al so lank gelede dat ek seesiek was, mens ontgroeï dit mos. Amper het ek daarvoor geval.

Ek het mos dieselfde gedink daar in Durban. Die dag toe ek vir die tweede keer in twintig jaar twee maande en drie dae weer op 'n skibootjie klim. Dis nog houbaar solank die ding aan die vorentoe beweeg bly, of as hy ten minste so groot is soos 'n veerboot.

Maar as hy die slag gaan stil lê . . . Stil is juis die woord wat nie hier pas nie.

Als beweeg mos in soveel moontlike rigtings. Die woord dobber is nader aan die nare waarheid. Op en af, dié kant toe, daai kant toe, drie rigtings gelyk. Genoeg om enige sensitiewe middelloor des moers deurmekaar te maak.

Hierna volg my eie bewegings. Eers kom die draai van die maag. Dan die onvaste gewagel na die kant van die boot toe. Die skielike spierspasma wat jou vooroor buig. Laastens die sametrekking van alle binnegoedspiere wat sorg dat die visse met 'n sierlike boog gevoer word.

Jou kos word hulle kos. En dit hou nie op nie. Niemand gee ook om dat jy besig is om te dooi nie. Nuwe betekenis vir seegroen.

"Drink 'n bietjie water, jy sal beter voel."

Hulle lieg vir mens, jy kry maar net nog iets om op te gooi. Elke sekonde vat 'n maand om verby te gaan. Almal weier om te glo dis 'n noodgeval. Jy moet maar net bly lewe, al wil jy hoe graag doodgaan. Eeue later gaan hulle eers terug vaste aarde toe. Slegs slaap help jou om weer mens te word.

Daarom, dankie tog vir die reën vandag.

Vroutjie, bring vir ons 'n rooiwyntjie, laat ons dit vier. Hoop net nie ek kry weer jig nie. 'n Mens vergeet die kere wat jy 'n jigaanval kry nooit nie.

Dis erger as 'n aardbewing..

Hennie Greeff

Doha, Katar



Die wenner van die "Soek die Foute" -kompetisie is Willem Malherbe. Hy moet my asseblief kontak vir sy prys.



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Die groot leuen

Aartskarminkels soos die gewese president van Haïti kry veilige verblyf in Duskantland; Fidel Kasterolie kry die hoogste eerbewys; Robber Moegapie word op die hande gedra; die ANC is hand-oppie-blaas met Libië en die Soedanese oorlogsmisdadiger word teen internasionale aksie beskerm.

Voeg Sirië, Iran en Birma by die lysie, en wonder saam met Roelfie of daar een enkele muishond is wat nie vir die ANC lekker ruik nie . . .

Maar die Dalai Lama is nie welkom nie: Hy sal die aandag van die Wêreldbeker-sokker aftrek. En dan moet Roelfie nog verduidelik hoekom hy hom deesdae so vir sy land skaam . . .

'n Mens kan verstaan dat onbeheerste, gewelddadige misdaad die aandag van die sokker kan aftrek. Of die uitgestrekte plakkersbuurte, die astrante hordes bedelaars, die gemors in die strate of die slaggate in die paaie en die swak openbare dienste en Eksdom se kragonderbrekings. Maar 'n geestelike?!

Die gemiddelde sokkerkyker ken nie eers die verskil tussen die Dalai Lama en die Teletubbies nie, maar hy hou 'n bedreiging in vir 'n toernooi wat nog oor meer as 400 dae gespeel gaan word.

Maar nou weet ons darem ook wie betaal vir die ANC se verkiesingsuitgawes, soos TV-advertensies, plakkaat en die huur van busse om die voetvolkies aan te ry na die plekke waar die ou beloftes van vyftien jaar gelede klakkeloos en skaamteloos herhaal en in ewe goedertrou weer opgeslurp word deur 'n insiglose massa.

(Sjoe, Roelfie hou nogal van hierdie sin, al seg hy dit self!)

En die T-hemde "Made in China."

► **Wiens brood men eet . . .**

❖ Neem tog vir Foolius aan!



NOU lees Roelfie dat daai aandagsoekende vrou met die ironiese en aanmatigende naam van Madonna nóg 'n swart wesie uit Kenia wil aanneem.

Dié land se regering het egter nou besluit dat voornemende pleegouers minstens 18 maande lank in Kenia woonagtig moet wees.

► **Dit sal 'n veel beter idee wees as sy daai leier van die ANC se sandputkinders, Foolius Dilemma, aanneem. Dan is daar darem een swaap minder in Duskantland.**

❖ Die les van Orania

VAN Foolius gepraat: Hy en sy leier "waarvoor hy moord sal pleeg", Jakob Stortkop, het Orania kort op mekaar se hakke besoek, en was nogal verbaas oor wat hulle daar gesien het: Mense wat hard werk en selfonderhoudend is en nie op aalmoese en welsynstoelaes staatmaak nie.

Seg Stortkop: "As alle gemeenskappe hulself soos Orania kan organiseer, sal ons armoede beveg."

► **Komende van die leier van die party wat juis armoede bevorder, is dit nogal 'n bekvol.**

❖ Ontspan die boude!

STORTKOP se gevry na die Afrikaners het nie daar gestop nie, want hy seg toe ook by 'n ander geleentheid dat "van al die wit groepe in die land, dit net die Afrikaners is wat in die ware sin van die woord Suid-Afrikaners is. Hulle is hier om te bly."

Hy bedoel seker die klompie van ons wat nog oor is. Die res is deur misdaad en regstellende aksie lankal landuit gedryf. En dan is daar dies van ons wat mos nou "Afrikaanses" geword het en op hul eie stoep tjorts en hulle kinders in Ingelse skole sit. Hulle tel ook nie, al is hulle nog in Duskantland.

Die Stort-man se stelling het omtrent 'n gefladder in die duiwehok afgegee soos wat almal beswaar gemaak het dat die Afrikaners so uitgesonder word.

'n Meningspeiling in 'n Afrikaanse dagblad het toe gevra of sy lesers dink die man is eerlik as hy só oor Afrikaners praat, en 97% het gesê hy soek net stemme.

► **Daai klomp wat voel hulle is beledig, kan dus maar die boude ontspan.**

❖ Arch lug sy mening

Dr. Desmond Tutu sê toe hy sal nie trots op sy land se president wees as dit Jakob Stortkop is nie - en daar bevuil Cosatu en kie. hulle weer.

► **Roelfie stem deesdae al hoer meer met die Arch saam.**

Allegaartjie

Coca-Cola veldtog in Arabië

Die verkoopsman moes Coca-Cola in die Midde-Ooste gaan bemark, en keer baie mismoedig terug.

"Wat het skeef geloop?" vra sy vriend.

"Man, ek was vol vertrouwe my kampanje sal werk, want Coke is omtrent heeltemal onbekend onder die Arabiere.

"My probleem was dat ek nie Arabies kan praat nie, toe het ek besluit om die boodskap met drie advertensieborde oor te dra.



"Op die eerste een lê die man heeltemal uitgeput flou op die woestynsand.

"Tweede een: Hy drink Coke.


"Derde een: Hy is heeltemal verfris en draf weg.

"En toe plaas ek hierdie advertensies die hele land vol."

Sy vriend reageer verstom: "Maar dis briljant! Dit moes gewerk het!"

"Natuurlik moes dit," sê die verkoopsman, "maar ek het een belangrike ding vergeet!"

**Waar het hy die fout gemaak? Wat het hy vergeet?
Kyk onderaan bladsy 4 vir die antwoord!**



WANNEER IS JY OUD?

- Wanneer iemand sê jou sandale van krokodil-leer lyk baie goed - en jy is kaalvoet.
- Wanneer jy 'n baie sexy meisie sien, en jou pasaangeër maak die garagedeur oop.
- Wanneer jy sonder 'n bra loop om die plooië uit jou gesig te haal.

- Wanneer jy nie omgee waarheen jou vrou gaan nie - solank jy by die huis kan bly.
- Wanneer 'n gelukkie beteken dat jy jou motor in die parkeerterrein opgespoor kry.
- Wanneer deurnag beteken jy hoef nie op te staan om te piepie nie.

BANKROTSKAP: Waar alles begin het

Dit het alles in 1961 begin toe die geldstelsel van ponde na rande verander en my oortrokke bankrekening verdubbel het.

Ek was net besig om daaraan gewoon te raak, toe bring hulle kilogramme in die plek van ponde en onse, en my oes verminder met die helfte. Toe verander hulle die reënval van duime na millimeter, en ons het sedert daardie tyd nog nie weer 'n duim reën gehad nie.

Wat doen hulle toe? Bring 'n ding genaamd Celsius, en die temperatuur daal met twintig grade. Geen wonder my mielies wil nie groei nie. Toe verander hulle grond van morge na hektaar, en my plaas word die helfte kleiner. Dit is toe dat ek besluit om die plaas te verkoop. Toe verander hulle myle na kilometer. Nou is my plaas so ver uit die dorp, dat niemand daarin belang stel nie!"

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Toe Paul Kruger se moed hom begewe het

Niemand kan Paul Kruger daarvan verdink dat hy nie 'n dapper man was nie. Daarvoor is daar net te veel bewyse.

Eers as seun saam met die trekkers deur die wilde woeste binneland van Suider Afrika. Daarna as jong man as soldaat om die Boere se nuutgevonde vryheid te bevestig en te verdedig. En uiteindelik as kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Miskien pas die laaste sin nie heeltemal in die pryssang nie. As kommandant-generaal was hy maar lekker omstrede, en elke keer as hy nie sy sin kon kry nie het hy eenvoudig bedank. Sy dislojale kommandant-generaal het veel bygedra dat pres. T. F. Burgers uiteindelik maar die handdoek ingegooi het.

Maar miskien moet daar tog begrip vir Kruger die kommandant-generaal wees. Hy was 'n man met ernstige politieke aspirasies. En die klomp boere noord van die Vaalrivier was nou nie altyd so lus om te gaan baklei nie. Geen wonder dat Kruger met die oog op sy langtermyn ambisies besluit het dat die werk van die kommandant-generaal dalk nie die regte pos vir hom was nie.

Maar ek dwaal af. Ek wil vertel van die dag dat Kruger se moed om wel begewe het.

As president het hy as seun van die veld meer tegnologiese veranderinge beleef as wat vir enige Christenmens goed was.

Op 'n dag het daar 'n klomp manne met drade by die president aangekom. Sy Bybel het Kruger vertel dat God die son beheer. Soos dit God behaag het, kon Hy die dag langer of korter maak.

Toe die manne met die drade hul koers gekry het, kon Kruger met 'n druk van 'n knoppie lig maak waar dit donker was.

Dit het Kruger behaag om nou ook die dag te kon rek.

Dan het die Bybel het hom vertel dat net God met die mens kommunikeer sonder dat Hy gesien kan word.

En toe op 'n dag kom daar manne met oorpakke by die president se huis aan. Hulle wil net vir die president 'n ou apparaatjie hier kom insit, was die verduideliking. Ná die gebruikelike koppie koffie het die manne begin werk.

Toe hulle klaar was, kon Kruger met staatssekretaris Willem Leyds by die raadsaal praat sonder dat hy kom kon sien. Hulle noem dit 'n telefoon, het die manne met die oorpakke verduidelik. Leyds het nie in God geglo nie, so die gedoente was maar 'n skok vir die president se gestel.

Toe dr. Willem Leyds hom die dag skakel en vra dat hy na Bereapark toe moes kom, was die president dus wantrouig.

"Vir wat?"

"J P Hess wil vir die president 'n kapkar wys wat sonder perde op sy eie stoom ry," kom die antwoord.

Dit was 4 Januarie 1897.

"Willem, wat het jy op nuwejaarsdag gedoen?" wou Kruger bekommerd weet.

"President, dankie vir die belangstelling, maar kan ons u kom haal? Hess noem sy kapkar 'n Benz Voiturette. Hy wil vir u in die kapkar laat ry."

Vir een keer in sy lewe het Kruger die bewerasie gekry. "Nee, dankie. Ek bly net waar ek is," laat weet Kruger vir Leyds.

En so met die neersit van die telefoon skree hy: "Gezina, bring vir my koffie! Stérk koffie!"




Die man se Coke-veldtog het nie gewerk nie omdat Arabiere van regs na links lees.



Dié week se giggels

Stuur jou humor aan pos@onsdorp.com en merk dit GRAPPIES



LOJALITEIT

SIPHO SOEK WERK

Sipho klop vir werk aan.

"Ek is Sipho. Ek is baie fluks en ek werk baie hard."

"Goed. Ons betaal R50 000 per maand, plus 'n nuwe Merc elke jaar en twee betaalde oorsese vakansies elke jaar."

"Hau! Jy lieg mos nou vir my?"

"Ja, maar jy het eerste begin."

SLEGTE AFSpraak

'n Student vra haar vriendin uit oor haar *blind date*.

Vriendin: "Dit was 'n groot mislukking. Hy kom daar aan met 'n 1932 Rolls Royce."

Student: "Dit moes wonderlik gewees het om in so 'n duur motor te ry. Wat is so sleg daaromtrent?"

Vriendin: "Hy is die oorspronklike eienaar."

PUNTE VIR DIE BLONDINE!

'n Man beland op 'n oorsese vlug langs 'n blondine.

"Kan ek maar met jou gesels?" vra hy.

Blondine: "Waaroor?"

Man: "Wat van kernkrag?"

Blondine: "Weet jy waarom 'n bokdrol rond en hard is, en beesmis pap en plat is - terwyl albei diere gras vreet?"

Man: "Ek weet nie."

Blondine: "Presies. Jy kan nie eers oor bollie praat nie, en nou wil jy met my oor kernkrag kom praat!"

VREEMDE STERFTES

Dokters het begin onraad ruik toe 'n pasiënt elke Sondagoggend om presies elfuur in dieselfde bed in die intensiewe eenheid van die Chris Hani Hospitaal sterf.

Is dit dalk Satan se werk?

Die volgende Sondag vergader 'n klomp dokters en verpleegsters skuins voor elfuur buite die saal om agter die kap van die byl te kom.

Hulle is gespanne, en 'n paar hou selfs houtkruise en Bybels vas om die bose gees te besweer.

Toe slaan die horlosie elfuur.

Precious Tshabalala - 'n deelytse skoonmaker - stap in, ontkoppel die pasiënt se lewensondersteuningstelsel en plak haar stofsuiers se kabel in . . .

KLEUTERS DAREM!


Die vrou was besig met middagete in die kombuis en het erg gesukkel om die tamatiesous uit die bottel te kry.

Onderwyl sy die bottel se onderkant slaan, lui die foon en haar kleuter antwoord.

"Jammer," sê hy. "Mammie kan nie nou die foon antwoord nie. Sy is besig om die bottel te slaan."

Hulle het 'n spesiale seël vir Robert Mugabe ontwerp, maar die seël wou nie plak nie omdat almal aan die verkeerde kant gespoeg het.

Basie en Lammie deur Mort Walker





MAKERIEPAS

Sammajoor strip sy moer

Deur Wessel Ebersohn

Ná die mediese ondersoek is enkele ouens wat met ernstige kwale sukkel, huis toe gestuur. Ander wat darem nog in redelike toestand was, maar wat gelyk het asof hulle nie die strawwe oefeninge sou kon baasraak nie, is kombuis toe gestuur.

Die res is in ses pelotonne ingedeel, elke peleton met sy luitenant, sersant en twee korporaals – almal dienspligtiges.

Daardie eerste vol dag in die army moes ons eers ingelig word oor die wat, hoe, waar en wie van wat voorlê. Oor die hoekom is nie veel gesê nie.

Al die troepe het in 'n kleiner saal bymekaar gekom om deur die sammajoor toegespreek te word. Hy was in die gewone lewe 'n sakeman, maar het hier ontpop as 'n streng militaris wat geen bogtery sou duld nie.

Ongelukkig vir hom het hy te doen gehad met „'n klas mens wat hulle nie sommer net so aan gesag gaan onderwerp nie: Hy sou moes werk daarvoor. Net nadat hy begin praat het, begin daar 'n klein voëltjie hier tussen die manne skree. "Wie de donner is dit wat so maak?!"

Doodse stilte, die ene onskuld. Niemand kyk vir Chris nie, want dan gaan daar vir seker gelag word. Ons wat hom geken het, het geweet hy kon sulke geluide maak, maar al het sammajoor op sy kop gaan staan en soos 'n trein gefluit sou niemand Chris verraai nie.

Sammajoor het die manne 'n paar oomblikke aangegluur en toe voortgegaan met sy aanbieding.

"Tweeet-tweeet", kom dit weer.

Sammajoor het sulke rooi vlekke op sy gesig uitgeslaan van woede.

"Luitenant, stel vas wie dit is wat so maak! Julle sal in hierdie saal sit totdat ek uitgevind het wie my gesag ondermyn. Dis nie speletjies nie, ons is besig met ernstige sake!"

"Ja en ons is nie &*%#\$\$@ kinders nie," het iemand onderlangs gebrom.

Daar sit ons toe in die saal en sweet tot middag toe, sonder ete en drinke, maar niemand kon die voëltjie kry nie en ons het nie omgee nie – ons is mos in die army!

Sammajoor het seker vandag nog die bynaam van Voëltjie.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Wie van julle kan hierdie familiespeurders help?

KINNEAR

rudman@townexplorer.co.za

Enige inligting aangaande Kinneer-familie (Peter James, ens.) sal baie waardeer word.

KOEKEMOER

claudia.koekemoer@gmail.com

Ek wil graag in kontak kom met my familie. My oupa se naam was Johannes en sy vrou se naam is Sannie. Hul was woonagtig op Graaff-Reinett. Enige iemand wat ook familie van hul was kontak my asseblief!

BRITS

mama.afrika@gmx.de

Ek wil graag uitvind waar my voorvaders vandaan kom, en ook my "verlore" familie opspoor. Ek woon in Duitsland.

GRAFSTEEN

Harry Edsel Smith, New York : *1903 +1942.

Hy het in die hysbakskag opgekyk om te sien of die hysbak op pad af is. Dit was.



AFRIKAANS is mos my taal

'n Regte remskoen wees

• Dit is nog een van 'n hele aantal idiome wat terug te voer is na die dae van die wa en osse van ons voorsate. 'n Remskoen was 'n stuk plat hout met 'n keep. Dit is onder die wawiel geplaas sodat die wiel nie kon draai nie en het dus die wa teen 'n steil afdraande laat rem.

Die remskoen was aan 'n ketting vas wat op sy beurt ook aan die wa gekoppel was sodat dit nie in die veld kon agterbly nie.

Mettertyd is die woord gebruik om na konserwatiewe mense te verwys wat alle vordering of vooruitgang vertraag.

'n Barmhartige Samaritaan

• Iemand wat baie mensliewend of hulpvaardig is, word vandag nog baiekeer só betitel. Dit is een van verskeie idiome wat Afrikaans aan die Bybel te danke het.

Die Samaritane was 'n gemengde ras wat gedeeltelik afgestam het van die Israeliete en gedeeltelik van heidene soos die Assiriërs. In die tyd toe Jesus op aarde was, is hulle nie hoog geag nie.

Tog het Jesus in 'n gelykenis vertel hoe een van hierdie verstoteling hom juis deur sy barmhartigheid onderskei het. En as ons wil verwys na iemand wat hom oor sy medemens se nood ontferm, noem ons hom steeds 'n barmhartige Samaritaan.

Uitdrukkings

- Goed gepoeier (regtig dronk).
- Die man het 'n lang oog (hy kyk graag na ander vroue).
- Hy dra wit sokkies ('n effe glibberige kalant).
- Maar hier gaan dit darem vir jou fynlaken (welgesteld).



So 'n bietjie PITKOS

- Waar kom die Engelse uitdrukking "Goodnight, sleep tight" vandaan? In Shakespeare se tyd is matrasse deur toue aan bedrame geanker: as jy die toue getrek het, het die matras verstewig en die bed was ferm om op te slaap.
- Die anakonda is 'n reuse-slang en gee geboorte aan haar kleintjies - sy lê dus nie eiers nie.
- Die cheetah is die enigste lid van die kat-familie wat nie sy kloue kan terugtrek nie.
- Die Indiese spoorweg is die wêreld se grootste werkgewer, met 1.6 miljoen mense wat vir hom werk.
- Die mens word met 300 bene in sy lyf gebore, maar 'n volwassene het net 206 bene omdat baie van hulle saamgroeï en een been vorm.

Help om KAMMANUUS solvent te hou!

Intekengeld R120 per jaar.

Die beste manier om jou dank aan Kammanuus te betoon, is om 'n jaargeldjie te betaal om onkoste te help dek - as jy dit nie reeds doen nie.



Kammanuus
word gratis
aan alle
pensioenarisse
versprei

Ons Bank: Eerste Nasionale Bank - Sandton
Rekeninghouer: Tsamma Enterprises
Tipe Rekening: Tjek
Rekeningnommer: 620 596 474 23
Takkode: 254 605

• Om met 'n kredietkaart te betaal, gaan na
www.onsdorp.com/nuusbrieff.html en blaai af tot by
KLIEK HIER OM TE BETAAL

Merk net jou betaling met 'jaargeld' en sorg dat jou naam of e-pos
êrens op die betalingsbewys verskyn.



Doen dit self!

KAMMANUUS plaas elke week 'n wenk wat sy lesers in staat stel om kostes te bespaar.

Hoe om daardie lelike lekplek se vlek teen die plafon te herstel

Vat 'n stukkie laaghout en sny dit in 'n vierkant. Neem 'n hamer en spykers en 'n leer en kap die vierkant oor die vlek vas.

Neem nou 'n skroewedraaier en skroewe en skroef 'n handvatsel aan die houtvierkant vas. Vertel aan al jou gaste dit is die valdeur na jou solderkamer.

(Let wel: Nie aan te beveel vir huise met plat dakke nie.)

Het jy ook 'n goeie wenk vir die lesers? Stuur dit aan pos@onsdorp.com en merk dit WENK..



Boererate

NOTA: Raadpleeg jou dokter voordat jy hierdie rate volg.



AAMBEIE

- As jy kwaai ly aan aambeie wat baie pyn en brand dan moet jy 1 lepel rou melk of rou bies neem en 80 druppels harlemensies daarop drup en dit drink en so bietjie gaan lê. As jy daarby hardlywig is dan moet jy saans as jy gaan slaap 1 dessertlepel bitter cascara drink. Indien nodig drink die volgende dag 7 druppels daarvan voor elke ete.
- Eet baie rosyntjies . . . dit is goed vir iemand wat aan aambeie ly.
- Fars botter en di geel van 'n yer deurmakaar gebraai in 'n pan en deur 'n doek gedruk, om mé te smeer.
- Maal 'n stukkie harpuis en aluin saam. Sodra dit fyn is en goed gemeng is dan sit jy so 'n mespunt vol op jou tong en sluk weg met water. Doen dit 2 keer per week en die aambeie sal verdwyn.



AKNEE

- Meng 3 eetlepels heuning en 1 teelepel kaneel tot 'n pasta. Smeer aan puisies net voor slaptyd, en was volgende oggend met warm (lou) water af. Indien dit vir 2 weke daaglik gedoen word, sal puisies verdwyn.
- Aartappelskil werk baie goed. Smeer dit aan elke dag. Aknee vertel 'n mens dat jy allergies is vir iets. Hou maar jou dieet dop en kyk wanneer jy iets eet watter kossoorte 'n reaksie gee.
- Meng drie eetlepels heuning en een teelepel kaneel tot pasta en smeer saans aan die vel voor jy gaan slaap. Was die volgende oggend met warm water af. As dit daaglik vir twee weke gedoen word, verwyder dit die puisies en aknee van die wortels af uit.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Wie van julle kan hierdie familiespeurders help?

BEKKER

nantes.kruger@gmail.com

Het iemand meer inligting oor die Bekker-familie? Ek is op soek na Johannes Stephanus Bekker gebore ongeveer 1896 en oorlede 1937. Hy was getroud met Heila Magdalena Elizabeth Catharina Pretorius van Greylingstad. Hy was vermoedelik afkomstig van die plaas Brakfontein, distrik Vereeniging.

DIEDERICKS

a.diedericks@absamail.co.za

My oupa het tussen Graaff-Reinet en Aberdeen geboer en is daar begrawe.

STEYN

steyn@townexplorer.co.za

Op soek na enige inligting aangaande Steyn-familie (Hermanus Hendrik Steyn - nie Hendrik Hermanus). Familienaam betrokke is Pretorius, Roodtman ens.

Só maak mens!

Kammanuus skop vandag af met 'n splinternuwe inter-aktiewe kookrubriek deur RETHA KRUGER



Retha het op 'n plaas in die Skurweberge grootgeword, onderwys gestudeer, getrou en op 'n Karooplaas in die Noord-Kaap tot ruste gekom.

Sy werk soms op ander se senuwees, is tegnologies rekenvaardig en het haar voete in die bokkraal. Maar die meeste van die tyd is sy 'n storm in 'n teekoppie.

Sy is 'n huishoudkundige se grootste nagmerrie en een van daardie wat baie moes bel en vra: "Ma, hoe maak ek...?"

En sy is 'n dankbare mens.

SÓ MAAK MENS is vandag nog net so relevant en aktueel soos destyds toe tannie Esmé Euvrard en oom Jan Cronjé dié program op die destydse *Springbokradio* aangebied het.

Om dit in 'n hedendaagse of moderne inslag in te kleur, is net so maklik soos die moderne en hedendaagse vrae wat **Kammanuus** se lesers vir ons gaan aanstuur! Kom ons skop af met ons eerste SO MAAK MENS wenke en resepe!

WENK van die dag:

- Wat op dees aarde is 'n "Bain-marie"??

Dit is die Franse term vir "waterbad". En dit is die gewone ou metode wat ons oumas en ma's altyd gebruik het vir geregte wat baie eiers bevat en maklik kan skif.

Skif? Dit is wanneer die gereg romerig en glad moes wees en dit nou klontjies maak . . . of so iets . . .

Eiers stol maklik, en daarom is dit belangrik om die gaarmaak-temperatuur laag en eweredig te hou.

Wanneer jy dus bv. gebakte vla of suursous vir slaphakskeentjies moet maak:

SÓ MAAK MENS!

Verhit jou oond volgens jou resepe. Sit jou oondrak op die middelste rak. Vat nou 'n groot oondpan, sit 'n afdrooglap onderin plaas dan jou bak of bakkies waarin jy jou gereg wil bak daarop sodat dit nie kan rondskuif nie.

Onthou, jou bakkies moet nie meer as tweederdes vol wees nie. Vul die oondpan waarin die gevulde bakkies is nou met kookwater om die kante van die bakkies tot so driekwart-hoog te bedek. Plaas nou jou oondpan versigtig in die oond en bak verder volgens jou resepe. Laat dit in die waterbad afkoel voordat jy dit uithaal.

- En terwyl ons nou oor afdrooglappe en suurlemoene praat: Om jou kombuis afdroogdoeke goed te bleik, kook hulle saam met suurlemoenskilte in water!

RESEP van die dag

Suurlemoen-flambé

(Daai lekker omkeerpoeding met 'n dekadente sjokolade of suurlemoen sousie wat jy by Woolies koop.)

1 suurlemoen	1½ kop (375 ml) melk
3 e (40g) margarien	1 kop (200g) strooisuiker
3 ekstra groot eiers	½ kop (70g) bruismeel

Verhit oond tot 160 °C.

Smeer 'n vlak 2 liter oondpan of gebruik 6-8 ewe groot koppies as jy dit wil uitkeer. Rasper die skil van die suurlemoen eers af en druk dan die sap uit.

Smelt die margarien. Skei die eiers. Klop die skil, sap, margarien, eiergele en melk goed saam. Roer die suiker en bruismeel by.

Klits eierwitte styf en vou by beslag in. Giet die beslag of deeg of mengsel - hoe jy dit ook al wil noem - in die gesmeerde oondbak. Plaas nou die oondbak of 2/3 vol koppies in die oondpan op die afdrooglap. Vul oondpan met genoeg kookwater om halfpad teen die kante op te stoot. Bak vir sowat 1 uur tot goudbruin en gestol. Sit warm voor.

Hmmm! Lekker saam met klein skeppie vanielje-roomys langsaan . . .

Voilà!

K'roo-groete

Retha

•• Mense kan self met Retha gaan gesels op haar eie werfie op Onsdorp. Jy gaan net na die volgende adres:

<http://www.onsdorp.com/somaakmens.html>



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Padda smaak nes hoender!

Mies en Lieb Liebenberg, Sjina:

Net toe ons al ons wintersklere weggepak het en die koel somersklere uitgepak het, ja, reg geraai, toe kom hier weer so 'n ysige week van reën en koue!

Saterdagoggend, presies 20 minute voor elf roep Mies benoud na my en sê ek moet die weer kom kyk. Dit word toe pikswartnag! En die wind waai te verskriklik.

Ons Amerikaanse vriend dog toe dit is 'n tornado wat aan die kom is, want waar hy vandaan kom, lyk dit presies so voordat 'n tornado dorpe verwoes. Gelukkig vir ons het die wind net daarna kalmeer en dit het weer lig geword. Daarna het dit hard begin reën. Ons het onself gaan bederf met 'n heerlike bad by 'n badhuis en 'n 'scrub down' daarna, waar hulle al die dooie epiteelselle van jou lyf afskuur. Jy lyk skoon wit as jy daar uitkom en voel soos 'n splinternuwe sikspens.

Gisteraand weer die gewone 'foreigners' dinner' gehad en ons was gelukkig net tien mense hierdie keer. Ek het toe die stoute skoene aangetrek om brulpadda te eet!

Dit proe en lyk net soos hoendervleis en ek het met 'n skok besef dat ek dit al baie keer vantevore hier in China geëet het en gedink het dis hoender! Dit is nie sleg nie, maar ek sal twee keer dink voordat ek dit vir myself bestel.

Ons het 'n student ontmoet van Suzhou wat graag saam met ons wil kuier om haar Engels te verbeter. Haar Engelse naam is Tracy en albei haar ouers werk vir die 'government'. Dit beteken dat hulle voordele en geleenthede het wat nie vir die gewone burgersbeskore is nie.

Die ekologiese park waar die Milo-bok geteel en versorg word is so 2 ure van ons af en dit is die interessantste boksoort: Die kop en stert lyk soos die van 'n perd, die lyf lyk soos die van 'n donkie en die hoewe en neus lyk soos die van 'n koei. Die bokke word in verskillende kampe gehou waar daar met hulle geteel word. Daar is tans 1375 van die bokke in die hele China.

Die Chinese het dit glad nie beskerm nie en dit voor die voet doodgemaak vir kos. 'n Engelsman het in die sestigerjare gesien wat gebeur en hy het die laaste 18 bokke van 'n gewisse dood gered en oorgeneem Engeland toe. Daar het hy met 'n aantelprogram begin en in 1986 het hy 'n hele klompie teruggestuur na hulle land van oorsprong en gelukkig het die Chinese besef dat hulle ook iets moet doen om die bokke nie te laat uitsterf nie en die bewaringsplek gebou.

Die kraanvoëls is die mooiste en China probeer tans om dit as Nasionale Voël van China verklaar te kry. Dit kan tot 60 jaar oud word en hou hul lewensmaat vir die res van hul lewens. Dit is migrerende voëls en aan die begin van die lente vlieg hulle almal na die noord-weste van China waar dit warmer is. Wintertyd in die noorde vlieg hulle weer terug. Hulle het seker so twintig van die voëls in hokke in die park en daar word met hulle geteel. Ons het ook mooi poue gesien en sommer verlang na SA.

André Dippenaar is tops!

Riekie van Gauteng:

Baie dankie vir die heerlike nuusbrieff elke tweede week! Dit is die hoogtepunt van my lewe! Dan moet ek net vir André Dippenaar sê dat ons sy stories ontsettend baie geniet en sal baie bly wees as daar dalk 'n boek van hom beskikbaar is, want hy is uiteraard die beste storieverteller nog! Puik gedaan!

Om my 5c werd van byname te gee. Ek het groot geword in 'n myn gemeenskap waar byname die botoon gevier het! My pa was genoem "Tros" en tot vandag toe weier my ma om my te vertel waar dit vandaan kom!!

Dan was daar Piet Kapok. So genoem omdat hy baie lief was vir kapokhoendertjies van skeentyd se dae af. Piet Voet – omdat hy sy voet seergemaak het en daar was baie Piete by die myn, so het hulle hom uitgeken.

'n Man wat dagga gerook het, het die naam Vlink dink gekry, en ten laaste die ou met die naam Blou Prop omdat hy so lief was vir Cane.

My man was self 'n bynaam waardig in sy weermag-dae: Vaatjie, omdat hy so lekker rond is...

Daar is natuurlik baaaie ander, skurf, maar baie beskrywend!!

Kyk hoe toor hy met stof!

Die kêrel regs bo se naam is Scott Wade, en as hy 'n vuil karvenster sien, doen hy veel meer as om "Was my, asseblief!" in die stof te skryf!



Nog 'n paar byname

Briefies oor byname kom steeds drupsgewys by Kammanuus aan, en Riekie s'n het ons sommer hierbo in die briewerubriek opgeneem. Julle is welkom om nog stories oor byname in te stuur: pos@onsdorp.com en merk dit BYNAME.

Rudie Thirion van Hargeisa in Somaliland skryf:

In ons familie is daar baie Chrisjanne en Janne. En nee, die Janne was nie Chrisjanne waarvan die Chrisse weggeval het nie.

Snaaks genoeg het die Chrisjanne nie eintlik byname gekry om hulle te onderskei nie, behalwe natuurlik oupa, wat algemeen bekend was as Chrisjan Witbaadjie. Dis reg, hy het glo so 'n witterige baadjie gehad waarvoor hy baie lief was.

Siende die tyd, omgewing en finansiële toestand van die Afrikanerboere in daardie tyd, was dit waarskynlik ook sy enigste baadjie.

En my pa was natuurlik Klein Chrisjan. Wat heel ironies was, want nog hy nog oupa Chrisjan Witbaadjie was groot mense.

Wat vir my as kind nogal komies was, was die buurman se seun wat altyd na pa verwys het as "oom" Klein Chrisjan.

Die Janne was 'n ander saak. Daar was Wit Jan, Rooi Jan, Swart Jan, Links Jan, Slim Jan en waarskynlik nog 'n paar meer. En elkeen se bynaam het vir homself gespreek.

Alwyn du Plessis, Walmer:

Daar waar ek op Marquard opgegroeï het was my pa die eienaar van die slaghuis. My oudste broer was polonie en later het ek klein polonie geword.

Fanie Potgieter:

So was daar op Utrecht, Natal, 12 Van Rensburgs. Nommer elf se naam was Alfred en hy het gou op die skool se speelveld "Alfie" geword. Darius, sy broer, was dus outomaties "Twaalfie".

GROOT BESLUITE

Koos was besig om sy goue bruilof te vier toe 'n vriend hom vra hoe hy sy huwelik so lank aanmekaar gehou het.

"Wel," sê Koos, "toe ons getroud is, het ons 'n ooreenkoms gemaak dat sy al die klein besluitjies sal maak, en ek al die groot besluite.

"En weet jy wat? Ons het in 50 jaar nooit nodig gehad om 'n groot besluit te maak nie."

EERLIKHEID

Die man het gehoop dat sy seun eendag die familiesaak sal oorneem, en vertel hom wat van hom te wagte sal wees.

"Seun," sê hy, daar is twee belangrike dinge in 'n suksesvolle besigheid. Dit is eerlikheid en versierendheid."

"Watter soort eerlikheid?" vra die seun.

"Maak nie saak wat gebeur nie - as jy 'n belofte gemaak het, hou jy daarby."

"En versierendheid?"

"Moet nooit beloftes maak nie."

AGTEROS



RONDBORSTIG

Deur PIK BOTHA

"Mans staar daarna in betowering, terwyl die vrou met die lae hals maak asof sy effens ongemaklik voel, maar dit terdeë geniet."

"Mamma," vra Pietie, "het ek aan jou bors gedrink toe ek 'n baba was?"

"Waarom vra jy, Pietie?"

"Ek vra sommer. Toe ek vanmiddag by Klasie was, het ek gesien hoe sy ma se baba aan haar bors drink en hik en klou en toe wonder ek of ek ook so gedrink het . . ."

"Maar Pietie, moenie vir my sê julle het haar afgeloer nie."

"Nee, Ma. Ons het Sudoku's op die stoep voltooi toe die kleintjie aan die skreeu gegaan het in die slaapkamer langs die stoep. Tannie Miriam het toe slaapkamer toe gekom, die kind opgetel, op die bed gaan sit, haar een bors uitgehaal en met twee vingers die tepel in die kind se mond gesit . . ."

"En jy kyk die hele tyd? Het tant Miriam geweet jy sien dit?"

"Tannie Miriam het seker nie geweet ons kan dit sien nie. Maar waarom vra Mamma al die vrae? Is dit verkeerd wat ek gesien het?"

Sy ma besef sy moet nou met insig antwoord.

"Nee, Pietie, natuurlik nie. Toe jy 'n baba was, het jy net so aan my gedrink en kyk hoe gesond is jy vandag."



'n Mens, man en vrou, se bors is in die boonste voorgedeelte van die liggaam, net onder die nek en vorm saam met die ribbe die borskas of toraks.

Omhelsing beteken onder meer om iemand aan die bors te druk. Teen die bors stuit: met afkeer vervul. Jy stoot jou bors uit as jy trots is op iets prysenswaardigs wat jy gedoen het.

As jy iemand wil uitdaag tot 'n geveg, gryp jou hom aan die bors. Om uit volle bors te sing, beteken dat jy dit net so hard doen as wat jy moontlik kan.

Om rondborstig jou skuld te erken, beteken dat jy dit eerlik en opreg doen sonder om iets terug te hou.

Maar as jy 'n man is, moet jy twee keer dink voordat jy dit vir 'n vrou sê – nie omdat 'n vrou dalk minder eerlik as 'n man is nie.

Venus word vandag nog as voortreflik beskou en het nie 'n bra gedra nie.

Klinies bekyk, is dit 'n raaisel waarom die vroulike bors 'n spesifieke seksuele aantrekkingskrag bekom het. Esoteries en grotesk. Sensuele aanraking is nie 'n oortuigende antwoord nie.

Gaan vra enige mediese deskundige en hy sal vir jou sê sensualiteit kan geprikkel word op dosyne punte van die liggaam: lippe, tong, tone, vingers, ore, maag, dye, nek en ander plekke. Boonop is 'n vrou se borste taamlik ver geleë haar geslagsdele.

'n Vrou word nie van seksuele uitlokking beskuldig as sy haar tong uitsteek of sandale dra wat haar rooigeverfde toonnaels ten toon stel nie.



Die vroulike bors is 'n melkklier wat bestem is om 'n kind mee te voed. Om die beeld van 'n kind wat aan sy moeder se bors suig, met seksuele opwelling te verbind, grens aan perversiteit.

Maar in ons daaglikse omgang is die vroulike bors 'n seksuele troefkaart. Vroue wil mooi, stywe borste hê, nie soseer om kinders te voed nie. Modes word doelbewus ontwerp om die spleet tussen die twee borste te laat uitstaan. En mans staar daarna in betowering, terwyl die vrou met die lae hals maak asof sy effens ongemaklik voel, maar dit terdeë geniet.

En bewaar die man wat 'n dop te veel in het en wat sê: "Jou borste is die mooiste op

aarde." Hy is 'n vark en onbeskaaf. Intussen betaal vroue reuse-somme geld aan regstellende chirurgie om hul borste aantrekliker te maak.

Ons lieg vir onself en ons geniet dit. Ons wéét die vroulike bors is niks meer as 'n melkklier nie. Maar in ons onverklaarbare denke het ons die vroulike bors verhef tot 'n seksuele aantrekkingskrag wat met bra's beklemtoon moet word.

Maatskappye wat bra's ontwerp en produseer, bestee miljarde om die seksuele verbinding in stand te hou onder die dekmantel van welvoeglikheid.

Net soos die vervaardigers van lipstiffies, gesigs- en velpommades en grimering, met dié verskil dat 'n vrou nie haar vinger- of toonnaels, lippe, wimpers, kop, nek, bene of arms hoef te bedek om "sindelik" gekleed te wees nie.

Behalwe natuurlik as jy 'n Moslemvrou is. Moslemvroue is minstens eerlik en konsekwent. Hulle bedek alles.



'n Man moet 'n vrou van kop tot tone liefkry net soos sy geskape is – sonder 'n bra of lipsel of grimering. En haar borste? Dit gaan maar net om 'n onuitwisbare hunkering na 'n tepel tussen die lippe wat voeding gegee het toe die maag leeg was.

My doktersvriend stem nie saam nie. Hy sê baie van ons is nie aan die bors gevoed nie, maar met 'n bottel: "Ons het nie dieselfde hunkering na 'n bottel nie."

Wie sê so? Dit hang af van wat in die bottel is!

(Hierdie artikel het in September 2008 in Beeld verskyn.)

Fluit-fluit, ons storie is uit. Jou volgende stukkie plesier is op 20 April.